

21 Maart 2021

FAMILIE TUISBLAD



Hebreërs 5:7-9

Gehoorsaamheid

Daar was eenmaal 'n baie arm dogtertjie in Philadelphia in die VSA wat gehoorsaam was aan Jesus se opdrag om 'n verskil te maak. Sy het 57 sent gespaar voordat sy skielik ernstig siek geword het. Na haar dood het hulle 'n briefie gevind met die 57 sent daarby, waarin sy verduidelik dat hulle die geld moet gebruik om 'n kerk te bou sodat ander kinders ook van Jesus kon hoor. 'n Plaaslike koerant het die storie gepubliseer en iemand het 'n stuk grond aangebied vir die 57 sent. Daarna het mense van oral oor die wêreld gehoor hiervan, en ook geld geskenk. Kort voor lank was daar genoeg geld om die Temple Baptiste Kerk te bou met sitplek vir 3300 mense, 'n universiteit en later ook 'n hospitaal. Die dogtertjie se foto hang in die gebou teen 'n muur sodat almal kan onthou dat alles begin het met haar gewilligheid om gehoorsaam te wees en opofferings te maak, al was dit hoe min.

Lees: Hebreërs 5:7-9 wat vertel oor Jesus se gehoorsaamheid

Gesels:

1. Die eerste deel van hierdie hoofstuk (Verse 1-6 en 10) verduidelik dat Jesus ook soos 'n priester was. 'n Priester was iemand wat vir ander gebid het en offers gebring het. Kan julle aan 'n voorbeeld dink waar Jesus dit gedoen het?
2. Jesus is 'n voorbeeld vir ons van gehoorsaamheid. Dink jy dit was vir hom maklik of moeilik gewees?
3. Hoe kan jy prakties hierdie week soos die dogtertjie in die storie gehoorsaam wees en 'n verskil maak?

Bid:

Bid vir mense wat seer het, siek is of deur 'n moeilike tyd gaan.

Doen:

Neem 'n blik of glasfles en versier dit saam. Gebruik dit dan as 'n spaarbussie waarin almal in die huis hulle kleingeld kan gooi. Wanneer dit vol is, gesels en besluit saam vir wie (of watter saak) julle dit kan gee om te help.

Reis hierdie week verder saam met die tema "Gehoorsaamheid" deur saam te luister na die **DinkJeug Familie App** se oordenkings. Hierdie week gesels ons oor 4 vroue in die Bybel wat gehoorsaam was.

Laai die app hier af:

Google Play: <https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en>

Apple iStore: <https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715>

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te bely, besoek NOUS by www.nous.org.za